Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

3 SEPTEMBER 2017

GEMEENTEBULLETIN

REFORMEREND VORENTOE

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

OGGENDDIENS

Genade... vir alle mense

Lukas 4:16-30

GESINSDIENS

God se genade bring vrede

Romeine 14:13-19

BLOKDIENS

Die genade van onthou en vergeet

Lukas 4: 16-30

JEUGDIENS

Ontmoet Jesus se belofte

(Gen. 17:3-13)

DEUROFFER

Eljada Nasorg Oudtshoorn

EREDIENSTE

			3 September		10 September	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Duvenhage	1	Ds. Visagie	2
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Breytenbach	6	Ds. Duvenhage	7
09:00	Kapel	Meditatief	Ds. Visagie	-	Ds. Gericke	-
09:00	Grootsaal	Blokdiens	Ds. Gericke	-	Klouterkerk	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Prop. vdW'huizen	-	Ds. Kotze	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Philipp Dietmann	12	Ds. Duvenhage	13

VOSBURG KAROOKUIER 8 SEPT 15:00

- Braaibord/Sosaties/Tjops/Springbokpotjie/Pannekoek/Poeding .
- Kontreiprodukte uit die Karoo soos konfyt, koekies, beskuit, ens.
- Vars vleis - sien pryslys en verskeidenheid op www.stellenberg.co.za
- Kaartfasiliteite is beskikbaar.

Helpers: Ons benodig helpers vir opdiening en het 'n dringende **tekort aan poedings**. Skryf asb. jou naam op die lyste by die inligtingstalletjie (na oggenddienste) indien jy bereid is om poedings te skenk of met opdiening behulpsaam te wees, of stuur 'n sms aan Karen Visagie by 082 827 9389.

GEBEDSGROEP ELKE DINSDAGAAND 19:00

Ons nooi alle lidmate om in te skakel by ons informele gebedsbyeenkoms elke Dinsdagaand om 19:00 in die kapel. Bring gerus jou gebedsversoek of kom bid in klein groepies saam met ander vir Stellenberg en omgewing. As jy by die WhatsApp-Gebedsgroep wil aansluit, stuur asb. jou nommer en naam na 082 877 9773 (Retha).

JEUGDAGBOEK

- Senior Kategeseleiers ontmoet mekaar om 17:30 - elke Sondag.
- KLEINGROEPE vir jong volwassenes kom op Woensdae en Donderdae bymekaar.
- ALIVE vir studente: elke Sondag om 17:00 tot 18:00, Bo-vertrek.
- UITREIK na Pampoenkraal: Saterdag 9 September.
- GRAAD 9 & 10 KAMP: 22 tot 24 September. Inskryfvorms by jeugkantoor beskikbaar. Ons benodig ook leiers! Indien jy 'n leier wil wees stuur 'n epos na sunet@stellenberg.co.za
- DELFT-uitreik: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.
- Graad 7 uitreik - Sondag 3 September.

GRAAD 7 OUERS

Op Sondag 10 September word alle graad 7 ouers uitgenooi om die graad 7's se kategese byeenkoms by te woon. Ons gaan gesels oor die verantwoordelike gebruik van sosiale media. Sien julle 10:00 in die jeuglokaal.

DR. RICHARD BLACKABY BESOEK

Teken die datums aan - 11 en 12 November 2017 besoek Dr. Richard Blackaby, medeskrywer van "Beleef God", ons gemeente.

Saterdag 11 Nov om 08:00 tot 12:30: Geestelike leierskap @ R150 pp

Sondag 12 Nov om 09:00 in die kerk.

LENTETEE VIR MA EN KROOS

15 September om 10:00 tot 12:00 in die Markplein. Vrouens wat soggens tuis is en voorskoolse kinders het, word uitgenooi na 'n saamkuier op 15 September vanaf 10:00-12:00 in die Markplein. Bring jou kinders saam - daar sal 'n toesigdiens wees. Koste is R50 en sluit 'n cappuccino / tee en iets te ete in. Bespreek jou plek by Karin Barter (navrae@stellenberg.co.za / 021 9764519).

DS. BREMER GERICKE SE AFSKEID

Ds. Gericke se afskeidspreek is op Sondag 17 Sept om 09:00 in die kerk. Na die diens word tee en verversings aangebied.

KATEGESE LOKALE

Gr 1	Kleinsaal
Gr 2&3	Grootsaal
Gr 4,5 &6	Kerk
Gr 7	Jeuglokaal
Gr 8	Jeuglokaal
Gr 9	Kerk
Gr 10	Grootsaal
Gr 11	Kleinsaal

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

KLEINGROEPE@STELLENBERG

- Indien jy belangstel om by 'n kleingroep (gesinsgroep, gebedsgroep, groep vir jongmense, groep vir afgetredenes, omgee- of Bybelstudiegroep) in die gemeente aan te sluit, meld na die diens by die informasiepunt buite die kerk aan, of stuur 'n e-pos na kleingroepe@stellenberg.co.za.
  Besoek www.stellenberg.co.za
- Ons is ook besig om 'n opname van bestaande kleingroepe in die gemeente te maak. Indien jy by 'n kleingroep ingeskakel is, stel ons asb. in kennis deur 'n e-pos aan kleingroepe@stellenberg te stuur of by die informasiepunt na die oggenddienste aan te meld.

VAT VYF: FONTEINE

Prof. Matilda Burden kom gesels oor haar pleknaam-navorsing, oor al die fonteinname in Suid-Afrika. Senior lidmate (en ander belangstellendes) is welkom op Woensdag 6 Sept, tee en verversings vanaf 09:30 en die aanbieding om 10:00 in die Kleinsaal. Gratis en geen bespreking is nodig nie.

SENIORWEEK

Alle senior lidmate is welkom by hierdie geleenthede.

Sondag 17 Sept: Oggenddiens om 09:00 in die kerk - ds. Gericke.

Maandag 18 Sept: Daguitstappie per bus na Hopefield. Blomme, bye en die Bremer-huis – vervoer, middagete, orreluitvoering, besoek die Bremer-huis en Simply Bee, alles ingesluit @ R130 per persoon. Vertrek 08:00 en terug 17:00.

Woensdag 20 Sept: 'n Verskeidenheidsprogram 10:00 – 11:00 deur die Edna's (plaaslike kunstenaars met sang en voordrag), heerlike verversings met koffie en tee, alles @ R20 per persoon, kleinsaal.

Bespreek en betaal vir 18 en 20 September by Karin by die kerkkantoor teen Woensdag 13 September.

EDELWEISS

7 Sept om 15:00 en 15:45.

Openbaring no. 21 uit Openbaring 19:6–21.

Die Ruiter op die wit perd voer die finale oordeel uit.

NUWE INTREKKERS

Hartlik welkom aan nuwe lidmate in die gemeente. Meld asb. na die oggenddienste by die inligtingtoonbank aan, of stuur 'n e-pos na navrae@stellenberg.co.za

BREIGROEP

Ons ontmoet weer op Maandag 4 September om 09:30 in die kafeteria. Bring jou brei– en hekelwerk saam.

KAARTJIEGROEP

Hartlik dankie aan die lede van die kaartjiegroep wat so getrou handgemaakte kaartjies vir verjaarsdae, kosprojek en ander bedrywighede voorsien. Die ontvangers van die kaartjies het groot waardering daarvoor.

REFORMASIE FEESWEEK

Stellenberg se viering van die Reformasie 500 jaar gelede bereik 'n hoogtepunt met 'n Feesweek (5 – 12 November) in die vierde kwartaal.

'n Afsonderlike pamflet met al die inligting word vandag saam met die Bulletin beskikbaar gestel.

Kaartjies vir die Tafelgesprekke (6, 8, 9 Nov) en die Feeskonsert (12 Nov) is vanaf Maandag 4 September by die kerkkantoor (08:00 tot 13:00) te koop of vanoggend na die eredienste by die inligtingstafel.

HUISWERKER BYBELSTUDIEGROEP

Stellenberg se Bybelstudiegroep vir huiswerkers bestaan reeds 15 jaar en kom elke tweede Dinsdagaand vanaf 18:30 tot 19:45 in die kafeteria bymekaar. Ons drink koffie, deel ons lief en leed, doen saam Bybelstudie. Ons wil graag huiswerkers wat belangstel om by die groep aan te sluit na ons volgende byeenkoms en ete op **Dinsdag 5 September** uitnooi. Kontak Milda Brits by 082 654 2261 indien jy wil inskakel.

ONS BID VIR MEKAAR

- Johan Neethling, Melinastraat, ontvang bestraling en chemoterapie.
- Seppie Malherbe, Oakwood, Pinehurst, ontvang bestraling.

DOOP VANDAG

- Tydens oggenddiens: Ruan en Leechelle Meiring, Haarlem 29, laat doop vir Thea Debbie Meiring.
- Tydens blokdiens: Louis en Ramona van Zyl, Riebeek Kasteel, laat doop vir Juanné van Zyl.

MET LEEDWESE

Erwin Bernard (Erwin) de Villiers, gebore 14/02/1943 en oorlede op 29/08/2017. Erwin was sedert 1975 'n lidmaat van die gemeente. Sy gedenkdiens is op 4 September om 15:00 in die kerkgebou. Ons opregte meegevoel met sy vrou, Ria (Vergesigstraat), kinders en kleinkinders.

LUISTER EN LEEF VROUEKAMP

Plek: Die Eiland, Jonkershoek

Tema: Lewende Water

Datum: 20 - 22 Oktober

Koste: R 400

Besprekings: aletta@vdv.house / 0822931789

GEMEENTEKAMP

Teken die datum aan - ons gaan vanaf 1 tot 3 Desember saam kampeer. Volledige inligting sal volg.